e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 September 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 31

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Die voorreg om korrek op te tree

"So seker as Ek lewe, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal bely dat Ek God is." Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee. **(Romeine 14: 11-12)**

Jare gelede is tydens 'n vergadering van predikante die opmerking gemaak dat predikante die voorreg het om korrek op te tree. Daarvan kan moeilik verskil word. Dié optrede is ook meer as 'n vaste voorneme, aangesien dit gedryf word deur die Here van die kerk. In die kerk moet dienswerk wat korrektheid vereis, uitgeleef word. Dit geld nie net bedienaars van die Woord nie, maar selfs diegene wat meen dat hulle buite die kring van die kerk staan – dit is vir almal (Rom 14: 11).

Daarom, omdat hier sprake is van objektiewe gesag wat groter is as alle menslike vermoëns, is die appèl tot stylvolle optrede ook gerig aan die adres van owerhede en almal wat diensbaar is aan die owerheid van die dag. Dieselfde gesag plaas die optrede van owerhede (Rom 13; 1 Tim 2: 1-2; 1 Pet 2: 13-14) binne 'n bepaalde konteks, sodat owerheidsgesag nooit meer is as verleende gesag nie.

Hoe lyk die struktuur van die gemeenskap in ons tyd? Op grond waarvan sou 'n mens kritiek kon uitspreek op probleme in die huidige gemeenskap? Sommige redeneer dat die effek van apartheid sodanig was dat ons nou rolle moet ruil, en dat enige kritiek op die huidige bestel by voorbaat buite orde is. Dit beteken effektief dat verkeerdheid gehandhaaf word omdat almal deur die verlede die swye opgelê word.

Dit is nie 'n kerklike standpunt nie. Die een ongeregtigheid maak nie die ander regskape nie. Die kerk in sy bediening van die Woord noop elkeen om te alle tye geregtigheid en waarheid na te jaag, onverkort, ondubbelsinnig. Kritiese afstand tussen Woord en werklikheid, tussen hoe die gemeenskap is of móét wees, verg kerklike spreke wat die lig van God se Woord spreekwoordelik op 'n lampstaander plaas. As die verlede onder andere kerklike belydenis verg, mag terselfdertyd ook nie oor die hede of oor die toekoms geswyg word nie, want die Woord troon uit bo alle mense en gemeenskappe. Dit verklaar waarom dit nie wys is dat die kerk bepaalde politieke bedelings noodwendig goed- of afkeur nie.

Dit sou 'n lastige verleentheid wees as die gewone lidmaat dit moeilik begin vind om sy dominee se prediking met sy optrede te rym. Dieselfde parallel bestaan ook in die burgerlike gemeenskap, wanneer die redelike mens waarmee die burgerlike wetgewing werk, hoor dat *u edele* hom skuldig maak aan gedrag wat nie met regters te rym is nie. Wat is aan die gebeur wanneer 'n regter skuldig bevind word aan dronkbestuur (*Rapport*, 6 September 2009)? Of wanneer 'n dagblad die moontlikhede uitspel wat agter die optrede van die Regterlike Dienskommissie (RDK) in die Hlophe- aangeleentheid mag sit, en dit goedpraat dat 'n senior regter bereid is om die beslissing van die RDK in die hof te betwis, en by voorbaat stel: *alle hel gaan om sy kop losbars* (*Beeld*, 7 September 2009; kyk ook *Rapport,* 6 September 2009)?

Honde wat nie blaf nie, dominees wat nie preek nie, en regters wat nie met regspraak vertrou kan word nie, is ewe min werd. Om korrek op te tree, is om volgens die Woord te handel. Die Woord sluit álmal in – dit is tydloos, want dit is 'n Woorduitspraak.

Dr Barry van Wyk

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Vakante standplaas

- Met ingang van 1 Oktober 2009 sal die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Pietermaritzburg** vakant wees. Belangstellende predikante word genooi om 'n CV in te dien voor **25 September 2009**. Dit moet 'n kort motivering van die aansoeker se persoonlike visie en vaardighede insluit. Die Kerkraad sal met die aansoekers onderhoude voer, en daar kan van kandidate 'n proefpreek in die gemeente verwag word. Kontak Jaco Behrens by **jbehrensm@mweb.co.za** of 079 506 9058, of Jan du Plessis by **drjandup@xsinet.co.za** of 082 859 5251.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Herman Gothan** het by die gradeplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 2 September namens sy oorlede vrou, Alida, haar PhD-graad ontvang. Daar is ook aan Alida akademiese erekleure toegeken. Ds Herman sê dat dit 'n vreugdevolle geleentheid was, maar met 'n traan in die oog. Selfs prof Alet Erasmus, Alida se studieleier, was aangedaan toe sy haar samevatting van Alida se proefskrif gelewer het.

Ds Herman Gothan

Prof Theuns Dreyer

- **Prof Theuns Dreyer**, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), se rugoperasie op Dinsdag 8 September het suksesvol verloop. Hy verduur steeds baie pyn en sal vir die volgende ses weke met siekteverlof wees. Ampsdraers en lidmate word ernstig versoek om hom die hersteltydperk te gun en nie met hom te skakel nie.

Marius Kramer en Elrita le Roux

- Die **proefpreekrooster** van die finalejaar teologiestudente is soos volg:
  - Elritia le Roux: Sondag 11 Oktober by Gemeente Wapadrant
  - Marius Kramer: Sondag 18 Oktober by Gemeente Elsburg

  Die twee kandidate word sterkte toegebid.

- **Die volgende predikante verjaar van 11 tot 18 September,** en word harlik geluk gewens:

  - Vrydag 11 September: Ds Dries Beukes en dr Gerrie Bloem
  - Saterdag 12 September: Ds Mariaan Schutte
  - Sondag 13 September: Dr Johann Beukes
  - Maandag 14 September: Dr Hennie Botes
  - Dinsdag 15 September: Dr Rassie Kotzé
  - Woensdag 16 September: Ds Stoffel Badenhorst
  - Donderdag 17 September: Di Willem Herbst en Piet Rautenbach
  - Vrydag 18 September: Ds Peet Kruger

- **Gemeente Primrose-Oos** is besig met die samestelling van sy groslys vir die uitbring van 'n beroep. Die kerkraad was vir 'n geruime tyd besig met strategiese beplanning, en daar is opnuut gekyk na die profiel en finansiële vermoë van die gemeente. Hulle sal binnekort 'n predikant beroep.

Prof Bieks Beukes

- Die werksaamhede in **Gemeente Durban-Suid** vorder goed onder leiding van die brugpredikant, prof Bieks Beukes. Daar sal eersdaags besluit moet word oor die beste manier om die gemeente te bedien.

- **Gemeente Queenstown** se nuwe e-posadres is **nhkqtown@gmail.com**. Bring dit asseblief aan op bladsy 81 van die *Almanak*.

- **Gemeente Pretoria** beskik tans oor ’n **vakature vir ’n koster**. Aansoeke kan gerig word aan die skriba, mnr Frans Changuion, Posbus 40784, Arcadia 0007. Die **sluitingsdatum is 15 Oktober**. Skakel mnr Changuion by 083 749 9281 vir meer besonderhede.

- Die sekretariële beampte van **Gemeente Marble Hall** sal met verlof wees van 14 tot 25 September, en die gemeentelike kantoor sal dus gesluit wees. Dringende boodskappe vir of korrespondensie aan ds Johan Koekemoer of die gemeente kan gedurende dié tyd aan die skriba gestuur word by **weldette.prinsloo@tigerbrands.com**. Mev Prinsloo kan ook by 082 926 8147 geskakel word.

Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- **Gemeente Springs-Oos** was op **9 September 50 jaar** oud. Tydens die **Feesnagmaal o**p **Sondag 13 September** sal dr Daan van Wyk, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, groete en gelukwense oordra. ’n **Gedenkalbum** en talle ander gedenkartikels is ook beskikbaar. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@telkomsa.net**.

- Die Ringsdiakensvergadering van **Noordelike Pretoria** en **Gemeente Wonderboom-Suid** bied op **Sondag 13 September** om 18:30 ’n **erediens** aan waartydens **Transoranje-skool vir Dowes se koor** sal optree. Die deurkollekte sal gaan aan die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO). Vir meer inligting kan die volgende persone gekontak word: Ds David du Plessis by 082 333 7450, diaken Daleen Smith by 073 229 3814, of diaken Andries Pretorius by 082 490 5378.

Bejaardesorgsondag

- **Sondag 20 September** is **Bejaardesorgsondag**. ’n Spesiale liturgie word beplan vir dié dag. Die **brosjure** met dié besondere liturgie is tydens die Predikantevergadering op 9 September aan predikante uitgedeel. Leraars wat nie die Predikantevergadering bygewoon het nie, moet met dr Wilhelm Coetzer of mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 in verbinding tree, sodat die brosjure aan die betrokke gemeentes gepos kan word.

- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Hulle hou **gemeentefees** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober**, en wil ook ’n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds André Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of **anly58@gmail.com**.

- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** ’n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle ’n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

Konserte en damesbyeenkomste

- **Gemeente Zoutpansberg** bied op **Donderdag 10 September** om 18:30 op die Louis Trichardt-skougronde ’n **konsert** aan met Kurt Darren as kunstenaar. Kaartjies is R100 per volwassene en hoërskoolleerling, R60 vir laerskoolkinders, en gratis vir voorskoolse kinders. Kontak ds Piet van der Merwe by 015 516 1229, 082 678 3537 of 082 226 9602.

- **Gemeente Montana** bied op **Vrydag 11 September** om 19:00 ’n **vertoning met Mathys Roets** aan by Montana Hoërskool. Kaartjies kos R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, Salomie Stoltz by 083 308 0520 of Jorina Erasmus by 072 171 2502.

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied op **Saterdag 12 September** van 09:00 af ’n **Lente-Damestee** aan met **Thinus van Staden** as die kunstenaar. **Chata Romano** gaan ’n werkswinkel aanbied oor kleur, styl en dameskleredrag. Kaartjies kos R100 per persoon. Kontak Janette van Rooyen by 083 369 9284 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 657 1281 vir meer inligting.

- Die **NHSV Meyerspark** bied op **Saterdag 12 September** om 09:30 ’n **Lentetee** aan met die tema *Die hartklop van vrouwees – ’n musikale motiveringspraatjie deur Sonja Herholdt.* Dit vind plaas by die kerkgebou te Havelockstraat, Wilgerpark (net af van Simon Vermootenstraat). Die koste is R100 per persoon, wat verversings insluit. Kontak Gonda Viljoen by 012 803 2814 of Franie Kluyts by 012 803 7528. Die fondsinsameling is ten bate van Van Rensburg-tehuis vir Bejaardes.

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied op **Saterdag 19 September** om 19:00 ’n **opelugkonsert met Lianie May** aan by Laerskool Theresapark. Bring asseblief stoele saam. Daar sal etes te koop wees. Kaartjies kos R60 per volwassene en hoërskoolleerlinge, en R30 vir ’n laerskoolkind. Kontak ds Janine Bevolo-Manders by 083 260 0983.

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 14:00 ’n **damestee** aan in die kerksaal, hv Steven Masango- en Mc Donaldstraat, Belfast. Die tema is *Almal dra ’n hoed!* Die koste is R60 per persoon, en vir bejaardes R30 per persoon. Skakel 013 253 1601 vir meer besonderhede.

- **Glam Guru** (Hannon Bothma en span) kom kuier by die **NHSV Villiers** op **Woensdag 14 Oktober** om 18:30. Kaartjies kos R100 per persoon. Daar sal ook ’n gelukkige trekking wees. Dit is net 100 km van Johannesburg af. Kontak Helen du Preez by 082 417 5188 vir meer inligting of kaartjies.

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en ’n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- Die gemeentes **Noordwestelike Pretoria** en **Philadelphia** bied op **Donderdag 17 September** ’n **gholfdag** by Akasia Gholfklub aan. Kontak Stephen by 083 781 2955 of Sanrie by 083 226 1866.

- **Gemeente Midrand** bied op **Donderdag 17 September** ’n **gholfdag** aan by die Leeuwkop Buiteklub in Midrand. Dit sluit halfweghuis, dinee en vele pryse in. Kontak Nelia van Huyssteen by 082 558 9629 of **johanvh@global.co.za** vir meer inligting.

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan ’n **gholfkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou ’n **gholfdag** by Koro Creek Gholfklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober** ’n **gholfdag** aan. Skakel Christelle by 083 737 4930 vir meer inligting.

- **Gemeente Witbank** bied ’n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Die 1ste prys is ’n motorboot van R160 000; die 2de, 3de en 4de pryse is naweke by die oord; die 5de prys is ’n kajak van R6 000; en daar is verskeie kleiner pryse te wen. Inskrywings kos R250 per hengelaar. Daar is ook die geleentheid om ’n geslagte en verpakte beestollie te wen deur ’n lootjie van R50 te koop. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Wesmoot** wil graag ’n bussie koop vir die vervoer van jongmense en bejaardes. Maak asseblief ’n donasie van R15 – SMS **WESMOOT** na 39055.

- In samewerking met wêreldklas mesmaker Ras Venter, stel **Gemeente Springs-Oos** hul **feesreeks messe** bekend, om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**. Bestel nou om die gemeente te ondersteun, en ’n 10de van die aankoopprys gaan aan die gemeente se fonds om ’n ouetehuis te bou. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel.

- Alle gemeentes word uitgenooi om aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-’n-boerdery-kompetisie** deel te neem. ’n Pakket bestaan uit 50 boekies met 10 kaartjies elk @ R100 per kaartjie. Daar is dus die geleentheid om R50 000 in te samel met verkope. Die twee gemeentes vra net R5 000 vir ’n gemeente se deelname. Sou u al die kaartjies verkoop, is R45 000 dus u gemeente se eie. **Ons hou die kommissie en u kry die profyt!** Die 1ste prys is 10 verse en ’n bul (of R40 000 kontant), die 2de prys is 10 ooie en ’n ram (of R10 000 kontant), en die 3de prys is een week vakansie by die Suidkus. Daar is ook ander kleiner pryse. Die trekking is eers **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

- **Gemeente Naboomspruit** se **osbraai** wat vir 5 September beplan was, vind nou plaas op **Saterdag 10 Oktober** om 18:00 by die Naboomspruitse feesterrein. Geniet heerlike vleis, pap en slaaie vir slegs R50 per persoon, en kuier en dans tot laataand. Kontak Lena by 014 743 1325.

Basaars en markte

- **Gemeente Kruin** bied op **Saterdag 31 Oktober** hul jaarlikse **karnaval** aan. ’n Vroeë ontbyt sal bedien word, en heelwat stalletjies sal wegneemetes voorsien. Verskeie pryse word aangebied, en daar sal ’n vendusie en ’n potjiekoskompetisie wees. Kom luister na die Monument-boereorkes met Bosveld Stereo as DJ. Navrae kan gerig word aan die gemeentelike kerkkantoor by **nhkkruin@gmail.com**.

- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg** ’n **Kersmark**. Daar sal baie mooi Kersgeskenke wees, teen bekostigbare pryse. Kom geniet die dag saam met die Waterbergers. Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** ’n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

- Die **Kommissie van die AKV** sal by sy vergadering op **Donderdag 10 en Vrydag 11 September** onder meer gesprek voer oor **apostolaat en missionêre bediening** na aanleiding van ’n memorandum van dr Koos Engelbrecht, ouderlinglid van die Kommissie. Daar is reeds tydens die afgelope drie vergaderings gesprek gevoer oor apostolaat. Die Kommissie sal ook aandag gee aan die besigheidsplan van **to care** na aanleiding van ’n voorlegging van prof Andries van Aarde, voorsitter van die direksie van **to care.** In die afwesigheid van die voorsitter van die Kommissie, prof Theuns Dreyer, sal die visevoorsitter, **dr Daan van Wyk**, die vergadering lei.

- Die **Kerkhistoriese Genootskap** van die Hervormde Kerk vier sy **50-jarige bestaan** tydens sy kongres op **Donderdag 8 Oktober** om 09:00 in die kerkgebou van Gemeente Meyerspark. Kontak dr Malan Storm by 083 308 1030 vir meer inligting.

- Die **to care foundation** bied weer **Placécol**-bederfdae aan op **Saterdae 10 en 17 Oktober**. Vir slegs R150 ontvang jy ’n gesigbehandeling, rug- en nekmassering asook ’n manikuur in ’n sessie van ’n uur en ’n half. Die sessies is van 08:30 tot 10:00; 10:30 tot 12:00; 12:30 tot 14:00. Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of **linda@tocare.co.za** om plek te bespreek.

Belangrike vergaderings

- Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Woensdag 16 September: Bestuur van Die Ondersteuningsraad
  - Donderdag 17 September: Ledevergadering van Ons Tuis; Argiefkomitee

Vakature by SENTIK

- **Permanent-deeltydse Museumkundige**

  Kandidate wat beskik oor ’n graad in Museumkunde, of ’n ekwivalente kwalifikasie en ervaring, kan aansoek doen vir hierdie 3/8-pos, wat 15 ure per week behels, soos gereël met die sekretaris van SENTIK. Kennis en ervaring van bemarking sal ’n aanbeveling wees. Die SP Engelbrecht-museum word binnekort verskuif van die Sinodale Kerkkantoor in Jacob Maréstraat 224 na die kerkgebou van Gemeente Pretoria in Du Toitstraat. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Vrydag 18 September** om 15:00. Navrae en aansoeke moet gerig word aan mnr Piet Beukes (Hoof: Menslike Hulpbronne) by **piet@nhk.co.za** of dr Wouter van Wyk (Sekretaris: SENTIK) by **wouter@nhk.co.za**, of skakel hulle by 012 322 8885.

Vakatures by die Universiteit van Pretoria

- **Die onderstaande twee vakatures bestaan tans by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.**

  - **Deeltydse termynaanstelling in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg**

    ’n Vakature wat in die geheel deur die Hervormde Kerk befonds word (ingevolge ’n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika), het in die deeltydse termynpos in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg ontstaan. Die termyn van die pos is jaarliks hersienbaar. Die aantal ure wat die dosent per week vir die pos beskikbaar moet wees, sal onderhandel word.

- **Permanent-voltydse aanstelling in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap**

  ’n Permanent-voltydse vakature wat ingevolge ’n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevul mag word, het in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap ontstaan.

In albei gevalle word predikante van die Hervormde Kerk wat toepaslik gekwalifiseer is, ingevolge die voorgeskrewe prosedure genooi om aansoek te doen. Aansoeke moet van ’n *professionele portefeulje* vergesel wees, en moet in die voorgeskrewe formaat van die Universiteit van Pretoria gedoen word. Van die dosente sal verwag word om in ooreenstemming met die ekumeniese karakter van die Fakulteit te funksioneer. Die suksesvolle kandidate sal aangestel word op posvlakke in ooreenstemming met hul akademiese meriete.

Rig navrae aan **me Hannie-Marie Swart** by **hannie-marie.swart@up.ac.za**. Aansoeke word *via* die Skriba van die Kuratorium gerig aan die Direkteur: Menslike Hulpbronne van die Universiteit van Pretoria en word **tot Vrydag 2 Oktober** ingewag. Indien die aanstellingsprosedures verloop soos beplan, sal die vakatures **met ingang van 1 Januarie 2010** gevul word.

KOMMENTAAR

“Ek het so pas ds André Ungerer se artikel *Elke Christen ’n leier* in die *e-Hervormer* (3 September) met groot waardering en instemming gelees. Ek dink hy het die vinger op die regte plek gedruk in die paragraaf wat begin met: *Dit het my laat wonder of die gemeente*... Die druk op mense, en van ouers op hulle kinders om te *presteer,* het ’n ongesonde obsessie by baie geword. Die mens wat rustig werk en *dien* sonder om in die kalklig te kom, en wat nie soek na die kalklig nie, is die sout van die aarde.”

Ds Wilhelm Steyn

“Elke week is daar ’n lang lys gemeentes wat basaar hou of op die een of ander wyse fondse insamel vir hulle gemeente of ’n barmhartigheidsaak. Projekte naas die gee van maandelikse of jaarlikse offergawes is deel van ons kerkwees sedert my kleindae. Allerlei vindingryke wyses word uitgedink om mense te trek. Dit sal goed wees as gemeentes in hulle advertensies in die *e-Hervormer* iets van hierdie vindingrykheid laat deurskemer sodat ander dit ook kan probeer.

Veral die name van geskikte kunstenaars sal help. Gemeente Oos-Moot het onlangs ’n suksesvolle basaar gehou, en twee jong predikante het ’n groot bydrae gelewer tot die sukses. Gemeentes kan hulle gerus gebruik: Thinus van Staden van Montana, ’n ongelooflike sanger, en Fanie Beukes van Wesmoot. Fanie is seker een van die beste roepe om jou basaar of enige funksie woema te gee. Naas fantastiese aankondiger is hy ook ’n briljante sanger.”

Prof Bieks Beukes





Stuur vir ons **25 of meer e-posadresse** van mense wat graag die *e-Hervormer* wil ontvang, en kom in aanmerking vir die boek *God calls her ... too. Women, the Scriptures and the Church* deur Marinus Wijnbeek.

Stuur vir ons **50 of meer e-posadresse**, en ontvang dalk die boek *The Ultimate Collection of Festive Gems* deur Mark Stibbe.

Stuur die adresse na **karen@nhk.co.za**.

SENTIK-publikasies 2010

Die 2010-pryse van SENTIK se gereelde publikasies is nou bekend. Gemeentes word versoek om hul bestellings teen die einde van Oktober 2009 aan mev Susann van Zyl van SENTIK deur te gee, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 8885 7906, of sentik@nhk.co.za.

Konteks – R120

Konteks is die Kerk se eie gesinstydskrif vir vandag, en verskyn tien keer per jaar.

Elke uitgawe wil deur teks en beeld inspireer. Met ’n wye verskeidenheid rubrieke word kleuters, kinders, jongmense en volwassenes geakkommodeer.

Konteks wil soos ’n gesinslid in elke huis wees.

Die Hervormer – R80 en *e-Hervormer* – gratis

Die Hervormer is die Kerk se amptelike mondstuk, en verskyn elf keer per jaar. Dit vertel hoe die goeie nuus van die evangelie in ons Kerk grondvat. Dit bied inligting en opinies oor belangrike aktuele sake. In *Die Hervormer* hoor ons die hartklop van die Kerk.

Die *e-Hervormer* versprei weekliks kerknuus, kennisgewings en advertensies by wyse van elektroniese pos. Enigiemand kan gratis daarop inteken. Dit verskyn in twee formate: die volledige weergawe bevat kleur en foto’s, terwyl die meer kompakte drukweergawe slegs die teks in swart en wit saamvat. Met die *e-Hervormer* bly jy op die hoogte van die nuutste gebeure in die Kerk en haar gemeentes.

Almanak en *Bybelse Dagboek* – R100

Die *Almanak* bevat inligting oor al die predikante en standplase van die Kerk, sinodale kommissies en rade, en statistieke van belydende lidmate en gemeentes. Die *Almanak* is onmisbaar vir ampsdraers en lidmate van die Hervormde Kerk, sowel as ander kerke in Suid-Afrika.

Die dagstukkies in 2010 se *Bybelse Dagboek* behandel die verskillende literatuursoorte in die Bybel, en dra so by tot die leser se kennis. Dit is ’n selfstandige publikasie wat in ’n omkeerformaat saam met die Kerk se jaarboek gebind is.







Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx